## AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

## SONDAG 4 SEPTEMBER 2022

# DERTIENDE SONDAG IN KONINKRYKSTYD

# GEMEENTE DAGBOEK

### GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK
## GEHOORGESTREMDES

### LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK
**Jeremia 4:1-11, 22-28; Psalm 14,**
**1 Tim 1:12-19; Lukas 15:1-10**

| **SONDAG, 4 SEPTEMBER** | |
|---|---|
| | NASIONALE BIDDAG VIR DOWES |
| 09:30 | Oggenddiens – Ds Hannes Burger<br>Doop<br>Deuroffer: Instituut vir Dowes<br>Erediensspan 3 – Elsa Welman |
| 09:30 | Kinderkerk |
| GEEN | Kleuterkerk |
| GEEN | Aanddiens |
| 18:00 | Senior kategese |
| **MAANDAG, 5 SEPTEMBER** | |
| 18:00 | Kooroefening |
| 19:00 | Sportmanne Bybelstudie |
| 19:00 | Vroue Bybelstudie |
| **DINSDAG, 6 SEPTEMBER** | |
| 09:30 | Senior Burger Bybelstudie |
| **WOENSDAG, 7 SEPTEMBER** | |
| 09:30 | Vroue Bybelstudie |
| 10:00 | Othello Biduur |
| **DONDERDAG, 8 SEPTEMBER** | |
| 09:30 | Kuilsrivier Dienssentrum – Bingo – Suid gemeente Cup of Life<br>Sopbeurte: Jorina Botha, Riana Fick, Corra Kitshoff, Miemmie Myburgh, Ina van Niekerk, Ronel Williams |

**VRYDAG, 9 SEPTEMBER**

09:00 Gebedsbyeenkoms

**SATERDAG, 10 SEPTEMBER**

**SONDAG, 11 SEPTEMBER**

TOERUSTINGSONDAG

09:30 Oggenddiens
Deuroffer: Bediening aan Jode
Erediensspan 4 – Neels Kruger
09:30 Kleuter- en Kinderkerk

GEEN Aanddiens
18:00 Senior kategese

# GEMEENTENUUS




1. Die volgende babatjies word vanoggend gedoop:
   - Divan de Koker, seuntjie van Martin en Nadia. Leonore Everts is die ouma
   - Franja Bester, dogterjie van Lohan en Carien. Die grootouers is Martin Bester en Elsa Lombard. Bokka en Gerrie is die agter-grootouers.
2. Baie welkom aan Anna van Tonder wie se lidmaatskap ontvang is vanaf Parow Welgelegen gemeente.
3. Estelle Conradie (Zevenwacht Country Estate) sterk tuis aan na ‘n knievervangingsoperasie.
4. Jassie Louw (Othello) het ‘n knievervangingsoperasie ondergaan en sterk tuis aan.
5. Marlene Kruger (Brackenfell) is ernstig beseer in ‘n motorongeluk. Sy word tans versorg in die Melomed hospitaal, Tokai.
6. Anna van Wyk (Bottelary) het die week behandeling in die hospitaal ontvang.

# VAN ALLES EN NOG WAT

1. Kom ondersteun die Jeugkommissie deur **koffie** by die kerkkantoor te koop teen R65 per pakkie. Verskeidenheid geure beskikbaar in bone en gemaal.
2. Tydens die kerkraadsvergadering van 31 Augustus 2022 is Louis Roos verkies tot blokleier van die P Blok.

# VERJAARSDAE VIR DIE WEEK



04/09 Maranda van der Merwe, Janette van Rensburg, Joshua Marais
05/09 Kobus Neethling, Melissa Boyes, Glynn Moolman
06/09 Elba Fourie, Aldoreen van Zyl, Vicci Scholtz, Zanelle Kotze, Kotie Ras (91), Maxie Herbst, Elizma O'Leary
07/09 Annelene Traut, Werner Smit, Rian van Staden, Elize Booysens (87), Jacobus Nel
08/09 Antoinette Hugo, Johan Basson, Erika Huddlestone, Kayleigh Vermaak
09/09 Willem Snyder, Yolanda Hagen
10/09 Nadia de Kock, Paul Mulder, Lize-Mari Müller, Wena Fourie, Eduard Wessels

# VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

## INSTITUUT VIR DOWES

Die Nasionale Instituut vir Dowes (NID) is in 1881 deur die kerk tot stand gebring om vir Dowes taal te gee, sodat hulle ook die boodskap van Jesus Christus kon ontvang. Die visie van NID is die holistiese ontwikkeling van die volle potensiaal van persone met gehoorverlies in Suid-Afrika deur noodsaaklike kwaliteit-dienste aan hulle te lewer.

NID se sorg, opleiding en steundienste sluit die volgende in: Bied volhoubare sorg, ontwikkelings- en opleidingsprogramme aan volwasse meervoudig-gestremde Dowes en Dowe persone met spesiale behoeftes, in beskermde werkswinkels, residensieel en binne die Dowe gemeenskap. Versorging van Dowe bejaardes in 'n doof-vriendelike omgewing in die bejaardesorg-afdeling, Shalom.

NID Opleiding bied geakkrediteerde beroepsopleiding aan Dowe studente in 'n variasie van opleidingsprogramme. Geïntegreerde Steundienste bied multi-dissiplinêre steundienste aan persone met gehoorverlies bv. tolkdienste, opleiding, beskikbaarstel en verbesondering van inligting, sowel as maatskaplike en terapeutiese ondersteuning. De la Bat-gemeente (Bellville) en Dowe Familie Kerk (Worcester) voorsien geestelike versorging aan die Dowe gemeenskap in Bellville, Worcester en omliggende areas waarmee NID help.

Bid dat al die Dowes in Suid-Afrika ook die geleentheid sal kry om die boodskap van verlossing in hul eie taal, Gebaretaal, te ontvang.

Mnr Cobus van Deventer | 023 342 5555 | fr.nid@nid.org.za

Webwerf: http://www.nid.org.za

# WYNVEILING

De Eike se Wynveiling vind plaas op 12 Oktober 2022 te Kaapzicht Landgoed.
Ons benodig Tafelhoofde vir die veiling.
Ons moet ten minste 20 tafels vol gaste hê om 'n sukses van die aand te maak.
Ons kort nog 10 Tafelhoofde om as gasheer/-vrou op te tree.
Kontak Mattheus Kuhn 0842260447 of die kerkkantoor indien jy beskikbaar is.

Kom mense, ek glo julle wat nog nie daar was nie, gaan iets besonders mis en die wat al daar was gaan weet jy sal nou al moet bespreek.

Dirk Brits - Sameroeper

# EHW SMIT BEURS

Aansoeke om die bogenoemde beurs word tans ingewag van voornemende, verdienstelike studente in teologiese studie wat die goedkeuring van die NG Kerk wegdra en wie se ouers in die landdrosdistrik van Kuilsrivier woonagtig is.

Aansoekvorms is by die kerkkantoor (Moedergemeente) beskikbaar (tel. 021 903 1529).

Sluitingsdatum vir aansoeke: 30 September 2022.

# DE EIKE KOSMANDJIE

Danksy De Eikenaars se medemenslikheid het ons mandjie nou al so 'n effense boepens!

Items wat skaars bly, is:

Koffie (150g of 200g) - enige sort, gee soggens moed vir die dag!
Tamatie (410g-blikkies) - ons gee dit saam met pasta, waarvan ons genoeg het.
Groente (410g-blikkies) - omdat ons nie vars groente kan gee nie.

Onthou dat jy ook 'n kontantbydrae kan maak, indien dit jou beter pas.
Daarmee koop ons die nodige toiletware en skoonmaakmiddels.

*Baie, baie dankie vir jou hulp, liewe lidmaat!*

*Groetnis uit DIE KOSMANDJIE*

# AVALON BUITELUGDIENS

Volgens die weerburo gaan daar Sondag 4 September ‘n koue front oor die Wes-Kaap inbeweeg. Die erediens te AVALON word dus uitgestel tot verdere kennisgewing.

# KLERE EN VERE

So noem ons De Eike se klerebank, want dis NIE ‘n klerebank NIE, maar ‘n ***getuienisaksie.***

Dis klere, skoene, handsakke, hoede, serpe, baadjies, pajamas, kussings, linne, komberse, speelgoed, legkaarte, oorbelle, wol, materiaal, en-so-voorts! Verstaan?

Daarom dan, **KLERE & VERE**

***Dankie aan lidmate wat hierdie aksie ondersteun!*** Julle help mense in nood in Green Park, Nuwerus, Merweville, Huis Sonop, Huis De Kuilen, Baby House, Helpende Hand, plaaswerkers, skoolkinders, en-so-voorts!

Dis 'n getuienisaksie, want ons sorteer die klere, was dit soms, maak heel en vou dit mooi op. Verpak dit ook, verkieslik nie in swartsakke nie, want dis nie rommel nie, en gee daardeur aan mense ‘n stukkie menswaardigheid terug.

Wanneer julle begin wintersgoed uitgooi, bring dit asseblief kerk toe? Veral baba-, kinder- en tienerklere is in aanvraag.

Groetnis van 2 Vere

# SENIOR BURGER TEE

Na ‘n afwesigheid van 2 jaar is dit vir die Kommissie vir Vrouelidmate ‘n voorreg om vanjaar weer al ons senior burgers (bo 60 jaar) te bederf by die geleentheid van die **SENIOR BURGER TEE** op Dinsdag 20 September 2022. Merk solank die datum op jul almanakke!!

Die kunstenaar wat gaan optree is Belia Lourens (gaan kyk gerus na ‘n video van haar op YouTube) waarna almal saam kuier rondom ‘n koppie koffie of tee en heerlike verversings. Covid het gemaak dat ons nie kon saam kuier nie. Gryp dus hierdie geleentheid aan.

Die vrywillige “toegangsfooi” by dié geleentheid gaan wees een van die volgende items:

**babapoeier, pakkie sop (Knorr), pakkie koekies, pakkie beskuit, warm sjokolade, aanmaak koeldrank, kontant bydraes**

Alles wat ons ontvang, sal geskenk word aan die inwoners van Huis De Kuilen.

Geen bespreking nodig, daag net op!!

# MATRIEKFEES

**MATRIEKFEES – NOORDHOEK STRAND**

**7 – 14 DESEMBER 2022**

‘n Week van son en see, kuier, ontspan, vriende maak en sommer net *chill* naby die natuur en naby God.

Koste R2 000. Skryf in vóór 1 Oktober en betaal slegs R1 800.

Kontak Faani by 083 856 1951 vir meer inligting.

Inskrywings by **https://forms.gle/WYCbYBcLqRbioLNc7**

# GEMEENTEBEDIENING

Die Gemeentebedieningskommissie (al die Blokleiers) het besluit om ‘n lys van vrywilligers saam te stel met die oog op verskaffing van broodjies en hulp by begrafnisse in die toekoms.

- Vrywilligers sal op ‘n rotasie basis gekontak word om een brood se broodjies te maak en/of te help met bediening.

Kontak die kerkkantoor as die Here dit op jou hart druk om te help.

# DIE TAFELS-MARK

WANNEER : 1 – 10 September 2022

WAAR: KERKSAAL VAN DIE NGK KUILSRIVIER
(MOEDERGEMEENTE)

| | | |
|---|---|---|
| **Tye:** Maandae-Vrydae | : | 10:00–19:00 |
| Saterdae | : | 09:00–15:00 |
| Sondae | : | Gesluit |

**Ondersteun asseblief die mark.**
**Almal welkom!**

# GIDEON BYBELS

In die voorportaal van die kerk is 'n rakkie met Afrikaans, Engels en Xhosa Gideon Bybels (nuwe testament en Psalms).

Neem gerus daarvan om te versprei na iemand wat nie 'n Bybel in sy/haar eie taal het nie.

# PREEKSKETS

**TEMA – ‘N LEWE DEUR DIE GELOOF**

Prediker: Ds Hannes Burger

Skriflesing: Galasiërs 2:11-21



'n Snaakse ding het in Antiochië gebeur. En dis nogal Petrus wat dit aanvang...

- Petrus onttrek hom aan sy nie-Joodse mede-gelowiges.
- En Paulus reageer heftig! Dit tas die hart van die evangelie aan, sê hy.

1. <u>Julle is uit genade gered</u>.

- Christenskap bestaan nie uit die nakom van allerhande reëltjies en wetjies nie!
- Ons verdien nie ons saligheid so by God nie!
- Ons word gered “alleen deur in Jesus Christus te glo."
- Maar wat is geloof?
- Geloof is oorgawe. Dis om God toe te laat om jou te red.

2. <u>Dood vir die Wet</u>.

- Om God net probeer dien deur wette te gehoorsaam, is dus eintlik *ongeloof*.
- Om jouself so te probeer red, is 'n mosie van wantroue in die groot Lewensredder.
- Kyk wat staan hier. <u>Ons is dood vir die wet</u>.

3. <u>Lewend vir Christus</u>.

- En dit bring ons by vers 19 en 20: "...ek is saam met Christus gekruisig, en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe."
- Dis wat dit beteken om ‘n Christen te wees: Ek lewe nie meer nie...
- Alles, alles gaan net om Christus.

4. <u>Toepassing</u>.

- Mis ons nie ook baie van die vreugde van Christenskap nie?
- Probeer ons nie maar al te dikwels ons eie vorm van godsdiens nie?
- Christenskap is nie baie moeite, harde werk nie. Dis onweerstaanbare vrede...